AANKONDIGINGE

14 OKTOBER 2018

NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars: Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Ds. J Viljoen
☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Franci Gresse	☎ 082 891 2384
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

EEN-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
09:00	**EREDIENS** Deurkollekte: RCA (Indiërsending) Erediensspan 1 – Chris van Niekerk	Ds. Hannes Burger
09:00	Kinderkerk en jnr kategese	Konsistorie en daarna verskeie lokale
18:00	Informele Aanddiens/Kruiskompas Geleentheid vir skoolverlaters Bankkollekte	Ds. Jandré Viljoen
19:00	Senior kategese (gr. 7 tot 10) Belydenisklas (gr.11)	

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
INDIëRSENDING

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Job 38:1-7; Ps 104:1-9, 24, 35c; Heb 5:1-10; Mark 10:35-45

MAANDAG, 15 OKTOBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 16 OKTOBER
09:30 Senior Burgers – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 19:00 Kooroefening – in kerk
WOENSDAG, 17 OKTOBER
09:30 Vrouelidmate – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 18:30 Wynveiling – Kaapzicht Landgoed, Bottelary
DONDERDAG, 18 OKTOBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors – Byeenkoms by Moedergemeente – Spoorwegstories, Poedingverkope Sopkombuis: Karien Botha, Rosa Brand, Engela Franken, Marinda Boshoff
VRYDAG, 19 OKTOBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 20 OKTOBER
SONDAG, 21 OKTOBER
TWEE-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD PREDIKANTE WAARDERINGSDAG BIDDAG VIR GESONDHEIDSDIENSTE 09:00 Oggenddiens - NAGMAAL Deuroffer: Hospitaalbearbeiding Erediensspan 2+3 – Charl + Johan 09:00 Kinderkerk en jnr kategese in konsistorie 18:00 Informele aanddiens/Kruiskompas - NAGMAAL Bankkollekte 19: 00 Snr kategese en belydenisklas

VANDAG SE DEUROFFER

RCA (REFORMED CHURCH IN AFRICA) KAAPSTAD / LIVING WATERS GEMEENTE

Die RCA is gewortel in die Indiër-gemeenskap van Suid-Afrika sedert die ontstaan van die kerk in 1968.

Die Sunthosham Gemeente is as werkkring in Kaapstad gevestig binne die Rylands woongebied. Tans fokus dié gemeente, bekend as *Living Waters*, op die uitleef van die Christus-evangelie aan hul Moslem- en Hindoe-naastes in die Cravenby-area deur middel van vriendskapsevangelisasie, gemeenskapsbetrokkenheid en diens.

Die gemeente is klein, vakant en trek swaar. Hulle maak vir hul bediening in die Skiereiland besonder staat op die aktiewe meelewing, voorbidding en finansiële ondersteuning uit ons NG Kerkfamiliekring.

Kom ons bid vir hul leierskap wat die rigting moet aangee in hierdie gemeente wat ’n lighuis vir die evangelie in hul omgewing is.

Kontakbesonderhede: Kobus Odendaal missio@kaapkerk.co.za

LIZELLE DE BRUIN

Lizelle de Bruin van Sondagoggend Joernaal op RSG, kom fasiliteer volgende Sondagaand, 21 Oktober 2018, om 18:00 die aand-erediens. Ons nooi almal uit om dié erediens by te woon.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

14/10 Cathy van Tonder
15/10 Pieter Schoeman, Ina Hurter, Michael Albrecht, Jannie Visser
16/10 Deon Swart, Liana Hough, Maggie van der Merwe, George Loots, Sonja van Wyk
17/10 Christa Smit, Andriëtte Moolman
18/10 Raymond van der Westhuizen, Suzanne Kruger, Frans de Bod, Adéle Fourie
19/10 Magda Janse van Vuuren, Daniel Ochse, Renita Nieuwoudt
20/10 Lika Herholdt, Reshé Visser

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Daar is net een manier om jou kinders te leer om in Christus se voetspore te loop en dit is om dit self te doen.

ABRAHAM LINCOLN (1809-1865)

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Joline Norman, dogter van Johan en Annaline, is gister in die huwelik bevestig met Nico Steyn.
2. Benet Spies, dogter van Gabrie en Sanet, tree volgende Saterdag in die huwelik met Barend Brand.
3. Elize van As (Piet Fransman straat 12) was in die hospitaal.
4. Gertie Marais (Van Aarde straat 11) is in die hospitaal.
5. Nic Marais (Grayling straat 8) is tans in die hospitaal.
6. Ons bid nog vir Mari van Greunen wat nog behandeling kry vir kanker.
7. Piet Fourie van Bottelary is oorlede en sy diens word Vrydagmiddag om 15:30 in De Eike gehou. Ons bid vir Wena en die kinders.
8. Hyla Harmse (Othello) sterk tuis aan na ‘n operasie.
9. Tom Geldenhuys (Othello) is in die hospitaal opgeneem.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

PREDIKANTE WAARDEINGSSONDAG

Volgende Sondag, 21 Oktober, is Predikante waarderingsondag. Tydens die geleentheid sal die kerkraad sy waardering teenoor die leraars uitspreek.

Lidmate kan ook hul waardering teenoor die leraars uitspreek deur vir ons ‘n e-pos te stuur na ngkeike@cybersmart.co.za of ‘n briefie by die kerkkantoor af te gee. Hierdie blyke van waardering sal dan aan hulle oorgedra word.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week 10 stukkies verkoop en die totaal is nou 278 van 2000.

HUIS DE KUILEN

Huis de Kuilen se basaar vind vanjaar plaas op Saterdag 27 Oktober.

Oudergewoonte is ons weer verantwoordelik vir die grootkoek-tafel. Lidmate wat koeke wil skenk of ‘n finansiële bydrae wil maak, kan skakel met Daphne Jordaan (082 828 1252) of die kerkkantoor (021 903 3818).

MES KAAPSTAD

Kom vier MES (Metro Evangeliese Sorg) Kaapstad se 10de bestaansjaar saam met spesiale gaste, Elvis Blue en Coenie de Villiers as seremoniemeester op Woensdag 24 Oktober 2018.

Opbrengs van die funksie sal direk aangewend word vir die voortsetting van MES se buitengewone dienste aan die hawelose gemeenskap.

Kaartjies teen R600 per persoon (sluit ‘n 3 gang maaltyd in) is beskikbaar by Anelle by 021 949 8736 of anelle@mes.org.za .

DANKOFFERFEES: 28 OKTOBER

“Tel jou seëninge…” is die tema van ons Tiendemaand Dankofferfees. Ons is elke dag dankbaar teenoor die Here, maar in Oktober, die mooiste maand, bring ons spesiale dank aan die Here.

DE EIKE KOSKAS

Daar is tans ‘n dringende behoefte aan die volgende produkte:

- blikkies groente
- blikkies vleis / vis

Bydraes kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word.

UIT DIE BEEK 2019

Bestellings kan nou geplaas word vir **UIT DIE BEEK 2019**. Die prys is R185 per boek, maar kan verminder indien ons bestelling groot genoeg is.

Plaas jou bestelling by die kerkkantoor. Betaling sal eers later geskied.

SPERDATUM VIR BESTELLINGS IS MAANDAG 15 OKTOBER 2018.

KLEREBANK

De Eike se klerebank was oor die afgelope paar jaar, danksy die ruim skenkings van lidmate, in staat om uit te reik na verskeie gemeenskappe en individue in nood.

Ons gee gereeld skenkings van klere, beddegoed, ens. aan Green Park, Kayamandi, Nuwerus, Badisa en ook die inwoners van Huis de Kuilen.

Tans is daar ‘n **groot gehoefte aan alle tipes klere (mans, vroue en kinder) sowel as beddegoed, handdoeke, ens**. Lidmate is welkom om enige skenkings by die kerkkantoor af te gee. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

KUILSRIVIER RIVER CHALLENGE 2018

Kuilsrivier Jeugtrust is ‘n NPO wat jaarliks die River Challenge fondsinsameling by Jan Krielskool hou om geld in te samel vir die uitsluitlike doel om ‘n maatskaplike werker in elke skool in Kuilsrivier te plaas om so hoop vir ons jongmense te bring.

Vanjaar vind dit plaas op Saterdag 20 Oktober in die vorm van ‘n nat en modderige hindernisbaan en ‘n gholf toernooi.

Vir meer inligting en inskrywings gaan na die Kuilsrivier Jeugtrust se Facebook blad en volg die URL na die aanlyn inskrywingsvorm.

Lidmate kan ook betrokke raak deur borgskappe of skenkings van enige van die volgende produkte:

- 15 x 10kg sakke "frying" aartappels
- Goue stroop
- Koffie - Hug in a mug - verskillende geure
- Kondensmelk
- Olie
- Suiker
- Volroom margerine
- Hout vir braai
- Charcoal
- Koekmeel
- Eiers

Enigiemand wat graag betrokke wil raak, hetsy as vrywilliger of hul deelname, kan Elze Oelofse kontak by 060 906 5629 of elzeoelofse@gmail.com

PREEKSKETS 14 OKTOBER 2018

PREDIKER: DS. HANNES BURGER

TEMA : BLOOTGESTEL VOOR GOD

SKRIFLESING: HEB 4:12-16

Loflied – lied 217:1 - 2
Skuldbelydenis – lied 241 : 1 & 3
Na die geloofsbelydenis – lied 245:1
Uitstuurlied – lied 309 : 1 – 3

Einde Oktober is altyd Bybelsondag. Dan praat ons oor die Bybel
- En een van die tekste wat ons dan graag lees, is Heb. 4
- Dit gaan oor die onweerstaanbaarheid van die Woord. Dit lê *alles* bloot.
- Maar vandag wil ek 'n ander aksent hier onderstreep:
  Ons staan blootgestel voor God.

1. **God het die mens geskape om in 'n oop verhouding voor Hom te staan**.
   - In Genesis 2:24 lees ons dat die mans nie skaam was nie.
   - Hulle was gemaklik om blootgestel voor God te staan, niks weg te steek nie.
   - Maar toe kom die sonde en kom krap alles deurmekaar.
   - Behalwe vir sy vyeblaar-klere vind hulle dit ook nodig om weg te kruip
   - Die mens was ongemaklik in God se teenwoordigheid...
   - Dit het voortgeduur, dwarsdeur die hele Ou Testament.

2. **En toe kom die gebeure van vers 14**
   - God voorsien 'n nuwe Hoëpriester, om versoening te bewerk.
   - Deur sy soendood open Hy 'n nuwe moontlikheid.
   - Hy kom draai die horlosie terug: Ons kan weer vrymoedig na God se troon gaan
   - Trouens, die Hebreërskrywer moedig ons aktief aan om dit te doen.

3. **Ek wonder net...**
   - Tot watter mate kruip ons nog tussen die bome weg?
   - Dis 'n waagstuk om jouself so bloot te stel. Dis pynlik...
   - Soveel makliker om 'n "Fort Knox" te behou, soos jou selfoon.
   - En dan is ons verbaas dat ons God se vrede maar net so ten dele ervaar.
   - Maar dis futiel, sê die Hebreërskrywer. God sien in elk geval alles...
   - Dis tyd om die skerms te laat val. Onthou Hy het medelye...